



LINKS: 'n Walliese Bergponie (Seksie A) — 'n kampioen in Wallis.

— A, B, C en D — by mekaar aanpas of van mekaar te onderskei is, moet 'n mens eintlik 'n draai gaan maak in die pragtige dorp Aberystwyth aan die westelike kus. Daar verneem jy dat die Bergponie al langer as 2 000 jaar in die berge en wildernisgebiede van Wallis bestaan en dat hy van die prehistoriese Keltiese perd afstam.

Volgens sommige skrywers is die duidelike Arabiese kenmerke van die tipiese Walliese Bergponie afkomstig van Noord-Afrikaanse en Spaanse perde wat deur die Romeinse legioene van Julius Caesar na Brittanje gebring is en meer as 2 000 jaar gelede in die berge losgekom en hulle by troppe wilde ponies aangesluit het. Daar is egter ook meer onlangse bewyse (100 jaar gelede) van die inbring van Arabierbloed. Sulwer teling is daarna weer streng toegepas en, soos by enige ander ras, het enkele voortreflike hingste in bepaalde stoeterye 'n besondere invloed op die ontwikkeling van die ras uitgeoefen.

23

Stamvader

Dyoll Starlight, vader van die bekende Grove-stoeterij, was so 'n stamhings. Lady Wentworth het hom beskryf as „een van daardie wonderwerke van voortrefflikheid en teelwaardigheid wat in staat is om 'n ras te vestig". Hy is in 1894 gebore uit 'n klein skimmelmerrie, wat as 'n mini-atuur-Arabier beskryf was.



Die ponies van Wallis is net so deel van die Walliese tradisie soos rugby en die volksliedere wat gewoonlik deur die valleie van hierdie landstreek weergalm. Soos rugby-spelers uit Suid-Afrika dadelik tuis voel in Suid-Wallis, vind 'n perdeliefhebber kort ná sy aankoms in Sentraal-Wallis, en veral in Cardiganshire, dat hy nou tussen perdemense is met wie hy kort-kort in Boelands Afrikaans wil gesels!

DAAR is vier soorte Walliese perde, wat met die Bergponie begin en deurloopt tot by die Cob. Om regtig te verstaan hoe die vier seksies

LINKS: 'n Walliese Bergponie (Seksie C) — 'n junior kampioen in Wallis. REGS: Sô 'n pragtige span Walliese Ponies is werklik uniek. Dit sien 'n mens net in Suid-Afrika . . .



Landbou-weekblad, 26 September 1980

DIE WALLIESE PONIES

Ponies (en rugby) deel van Walliese tradisie

Hierdie kenmerke, wat sy in volle maat aan haar beroemde seun, Starlight, oorgedra het, was waarskynlik afkomstig van die Crashly Bailey-Arabierhings wat teen die middel van die 19de eeu in daardie omgewing met 'n trop wilde merries geloop het.

Van Starlight se seuns het Bledfa Shooting Star die grootste invloed op die verbetering van die moderne Walliese Bergponie in Brittanje gehad. Sy seun, Grove Sprightly, was sewe jaar lank (1932 - 1939) grootkampioen in Wallis en sy nageslag sluit in grootkampioene soos Coed Coch Serllar, Vardra Charm, Coed Coch Glyndwr, Coed Coch Pryd en ook die 1978-wenner, Aston Superstar.

Hoë pryse

Die onvergelyklike Coed Coch Madog wat tussen 1951 en 1962 nege keer grootkampioen in Wallis was en waar-

REGS: 'n Geel Walliese Cob-merrie wei op die heuwels van haar tuisland, met die trop op die agtergrond. Geel en palomino is algemene kleure by die ras.

Ken ons perderasse

DEUR PROF. F. J. VAN DER MERWE
(Dept. van Veekunde, Universiteit van Stellenbosch)



van daar nageslag in Suid-Afrika is, se stamboom kan deur sy moeder tot by Shooting Star teruggevoer word. Coed Coch Madog het 31 jaar oud geword. In dieselfde jaar waarin hy dood is (1978), is die beroemde Coed Coch-stoeterij uitverkoop. Op die velling het 120 Walliese Bergponies,

(Vervolg op bl. 41)





Die WALLIESE PONIES IS bekend vir vlugvoetige, swierige aksie. Let op die perfekte simmetriese balans van die perd, en die fynbesnede kop met groot, intelligente oog.

Die Walliese ponies

(Vervolg van bl. 39)

insluitende 'n groot aantal vul-lens, gemiddeld £1 055 (R2 900) behaal. Die sewe jaar oue hings Coed Coch Bari is vir die rekordprys van 21 000 ghienies (R40 000) verkoop. Sy volbroer, Coed Coch Saled, wat 14 jaar oud was, het 14 000 ghienies (R26 000) be-haal.

Die Welsh Pony and Cob Society, wat in 1901 gestig is, het in 1977 sy registrasie-rekords na rekenaarprogram-me oorgeplaas. Toe het dit ge-blyk dat daar 4 098 geregi-streerde hingste en 15 995 geregistreerde merries en mer-rievullens op die Britse Eilande was. 'n Verdere interessante bevinding was dat die Walliese Bergponie (Seksie A) in die voorafgaande tien jaar as per-sentasie van die jaarlikse regi-strasies afgeneem het van 70 tot 30 persent, terwyl die Sek-sie B-registrasie min of meer konstant gebly het op 20 per-sent en die Seksie C- en Sek-sie D-registrasies toegeneem het van onderskeidelik 3 tot 11

persent en 7 tot 30 persent.

Hoe word hierdie vier ponie-klasse van mekaar onderskei en hoe word hulle getoet?

Seksie A

Die Walliese Bergponie, wat by Seksie A van die Stamboek ingeskryf word, het as hy vol-

waase is 'n maksimum-skouer-hoogte van 122 cm (12 hand). Die perdjie beskik oor beson-dere proporsies, met 'n klein, droë, lewendige kop, effens ge-dulkte gesig, groot uitstaande oë en kort, gepunte, fynbe-snede ore. Die nek is matig lank en word hoog gedra. Die nek is fyn en droog in die

geval van merries, maar swaarder en met 'n aanslop by hingste. Die skouers is lank en skraaps en die skof duidelik gedefinieer, maar nie skerp nie.

Die rug en lende is gespierd en kort aangesluit. Die agter-kwarte is lank, breed en diep, met die stert goed geplaas en lewendig gedra. Die bene is kort, maar plat en droog met hreël, sterk knie- en hakke-wrigte. Die hoeft is goed ge-vorm en hard. 'n Redelike mate van koothearing kom voor. Die beweging is vlug, vry en reguit van die skouer af.

(Vervolg op bl. 43)



Llanarth Flying Comet

REGS: 'n Walliese Cob (Seksie D). Hierdie hings was in 1979 die kampioen van alle rasse op die "Horse of the Year"-skou in Londen.

Landbouweekblad, 26 September 1988



LINKS: 'n Walliese Bergponie-hings (Seksie A) in Suid-Afrika. Hy toon in 'n besondere mate die Arabiese afkoms.

woorde, perde wat ewe tuis voor die ploeg, kar en wa as onder die saal is. Maar, soos in die geval van ander meerdoelige rasse, kan hulle natuurlik as ryperde nie heeltemal met die gespesialiseerde ryperdrasse meeding nie.

In hul pogings gedurende die vorige eeu, voor die koms van die motor en trekker, om 'n meerdoelige werkperd te ontwikkel, het die ou Cardigan-telers beslis kruistelt toegepas. Sedert die stigting van die telersgenootskap tagtig jaar gelede is die Stamboek

selfde skouerhoogte as Seksie B, nl. 137 cm (13,2 hand).

Die beskrywing „Cob-type“ is veelseggend, want daar is ongelukkig heelwat variëte in bouvorm en voorkoms by Seksie C-ponies. Soos reeds aangedui, maak hulle die kleinste persentasie van die jaarlikse Stamboekinskrywings uit. 'n Seksie C-ponie lyk soos 'n Cob, maar is kleiner, ligter en droër van been. Hulle is gewild as kinderryperde, ligte jagperde en vir langafstandveldritte.

Wat teling betref, word Seksie A heperk tot parings binne dié seksie. Seksie B-ponies kan afkomstig wees van B x B- en B x A-parings. Seksie C kan stam uit A x C; B x C; A x D; B x D en selfs C x D — mits hulle binne die hoogteprik bly. Seksie D-inskrywings kan die nageslag wees van D x D; D x B en D x C, mits hulle hoër as 137 cm (13,2 hand) is.

Die Walliese ponies

(Vervolg van bl. 41)

met 'n lang tree vir 'n ponie. Alle kleure, behalwe bont, word toegelaat. Skimmel en vos kom algemeen voor.

Seksie B

Seksie B-ponies het as volwassenes 'n maksimumskouerhoogte van 137 cm (13,2 hand). Hulle is dus groter, maar het dieselfde bouvormbeskrywing as Seksie A, behalwe dat by hul beoordeling besondere klem op die ryperdeienskappe gelê word.

Seksie D

Aan die ander kant van die skaal is daar Seksie D (Welsh Cob) wat, soos die naam aandui, 'n groter, bonkige perd is met 'n skouerhoogte van 147 cm (14,2 hand) tot 153 cm (15 hand). By beoordeling word sterk klem gelê op die poniekenmerke, en in sekere opsigte is die Cob in der waarheid 'n groter uitgawe van die Bergponie. In ander opsigte is dit nie 'n korrekte beskrywing nie — soos sommige van die bygaande foto's duidelik toon.

In die bouvorm en aksie van die Welsh Cob is iets van die Hackney, en in die beenwerk en swaar kootbehang selfs iets van die Britse swaar trekperd. Die Cob was altyd en is steeds 'n meerdoelige werkperd. Geen twyfel kan bestaan dat sy antieke oorsprong dieselfde as dié van die Bergponie is nie. Daarvan getuig die tipiese, fyn-benede kop, die netjiese, goed geplaaste ore, die groot,

karaktêrevolle oë en mak, maar lewendige geaardheid, met vloeiende aksie en beweging.

In die amptelike rasbeskrywing word sterk klem gelê op die bene en hoewe. Die boarms en dye is lank en sterk gespierd. Die knieë en hakke is breed en plat. Die pypbeen is betreklik kort, plat en droog. Die perde het 'n besonder vrye, reguit draf, met hoë voor- en agter-aksie. Om 'n Cardigan-telers of sy seun met die Cob aan die hand te sien draf, is so goed soos om op 'n Bolandse skou te staan waar die Hackneys en Vlamse beoordeel word.

Meerdoelig

Die Welsh Cob is van alle rasse waarskynlik die naaste aan die uitgestorwe Bolandse plaasperd. Dit is, met ander

betreklik geslote en word die perde suiver getel. Twee van die voorraastande stoeterye is Llanarth, wat nou aan die University College of Wales behoort, en Derwen in dieselfde omgewing naby Aberystwyth. Die tipiese bouvorm van die perde van dié twee stoeterye spreek uit sommige van die bygaande foto's.

Seksie C

Dan is daar nog die ponies wat in Seksie C van die Stamboek ingeskryf word. Die regte Britse benaming is „Walliese Ponie van die Cob-type“. Die amptelike bouvormbeskrywing van hierdie ponies is presies dieselfde as dié van die Welsh Cob, met slegs dié verskil dat Seksie C beperk word tot die-

In Suid-Afrika

Die eerste geregistreerde Walliese Biegponies wat na Suid-Afrika gekom het, is in 1948 deur mev. Rose Lashrey van Constantia ingevoer. Dit was die beroemde witskimmelhings Cood Coch Serydwar (vader van C.C. Madog), en vyf merries van 'n verskillende kleure, nl. blou-skimmel, rooiskimmel, vos, swart en geel. So het die kinders van Suid-Afrika die Walliese Ponie leer ken en lieflik.

Die Walliese Ponie- en Cob-genootskap van Suid-Afrika het tans 146 lede. Daarvan is 75 aktiewe telers. Die genootskap is by die S.A. Stamboek-vereniging geaffilieer en in 1979 was daar 703 geregistreerde Seksie A-, 32 geregistreerde Seksie B-, 5 geregistreerde Seksie C- en 2 geregistreerde Seksie D-ponies, asmede 1300 deelsgeteelde perde, in die rekordboeke van die vereniging aangeteken. In 1978 is puboortekenningswings van 100 vullens ontvang.

By die lede van die genootskap val die klem op suiwer teling van die vier tipes, maar daar is ook 'n lewendige kruisprogram aan die gang en 'n goeie vraag na deelgeteelde Walliese Ponies word ondervind. Hulle is veral gewild as kinderryperde.

LINKS: 'n Walliese Bergponie (Seksie A) in Suid-Afrika — 'n merrie met fyn kwaliteit en 'n goeie balans.

